

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Oktober 2020 Uitgawe 1



Vangasali campaign strengthens early childhood development

Page 4

STAY SAFE

PROTECT SOUTH AFRICA

TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS



Sanitary towels bring dignity to young women

Page 7

SA moves to Alert Level 1

SOUTH AFRICANS are celebrating the country's move to Coronavirus (COVID-19) Alert Level 1, which came into effect from midnight on 20 September.

pital beds, ventilators, oxygen and other essential medical requirements has also reduced steadily.

"We have succeeded in overcoming the worst phase of this epidemic, while protecting the capacity of our health system," the President confirmed.

He applauded South Africans for this achievement and for the thousands of lives that have been saved through their collective actions. "This achievement has also been recognised by the World Health Organisation," he said.



Allison Cooper

President Cyril Ramaphosa recently announced the good news to the nation, explaining that the number of positive COVID-19 cases has dropped from an average of 12 000 cases a day, two months ago, to less than 2 000 new cases a day.

Since the national state of disaster was declared six months ago, over 15 000 South Africans have lost their lives and over 650 000 have been infected with the virus.

"We now have a recovery rate of 89 percent... There has been a gradual, but steady, decline in new infections, hospitalisations and deaths. Demand for hos-


A deadly epidemic

While the country has made great progress, people are still getting infected with the virus and some are losing their lives.

"By any measure, we are still in the midst of a deadly epidemic. Our greatest challenge now – and our most important task – is to ensure that we do not experience a new surge in infections," the President said.

He explained that several countries around the world, that had passed the peak of the virus and thought they had brought it under control, have been hit by a 'second wave' of infections. "In many cases, the

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

Available on the Google play

Available on the App Store

Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

 Vuk'uzenzele  @VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



SA media 'n steunpilaar vir ons demokrasie

Die koronaviruspandemie het in baie lande regoor die wêreld 'n beperking van burgerlike vryhede geveer en sosiale samehörigheid op die proef gestel.

Lande met sterk instellings, waaksame regstelsels en 'n gesonde media kon egter verhoed dat menseregte ondermyn en die gesag van die staat misbruik word.

Dit is ses maande sedert die nasionale ramptoestand verklaar is. Ons het goed gevaar, odanks die ongekende aard van die siekte en die ontsaglike uitdaging om 'n land van 58 miljoen mense in 'n staat van inperking te plaas. Ons kon die verspreiding van die siekte, hoofsaaklik danksy al ons landsburgers se samewerking en waaksaamheid, in bedwang hou.

Dit is tot 'n groot mate ook te danke aan ons media se deeglike werk.

Ons is dank verskuldig aan Suid-Afrika se hardwerkende en volhardende joernaliste. Hulle het ons mense ingelig gehou deur belangrike gesondheidsboodskappe oor sosiale distansiëring en higiëne te versprei. Hulle het dit onder uiters moeilike omstandighede, dikwels met beperkte hulpbronne, gedoen.

Hulle het stories oor die uitwerking wat die inperking op mense se lewens en besighede gehad het, vertel. Deur gemeenskappe, dorpe en stede te besoek om gewone mense se stories na vore te bring en mense se aandag



landwyd op probleme wat in hospitale en klinieke ervaar word, te vestig, het hulle regeringsoptrede aangehits.

Ons media het ook die aandag op uitspattighede gevestig wat normaalweg dalk nie vorendag sou gekom het nie. Hulle het hul waghondrol vervul deur korrupsie en wanadministrasie openbaar te maak, wat 'n omvattende nasionale debat aangehits het en tot verskeie hoë-profielondersoeke gelei het. Deur hierdie soort verslaggewing het hulle mense se vertroue gewen.

'n Vrye pers is nie 'n doel op sigself nie. Dit is 'n manier om te versker dat demokrasie uitgeleef en gehandhaaf word. Ons media het tydens dié pandemie nie net sy tradisionele waghondrol vervul nie, maar ook sy burgerlike plig nagekom deur die nasionale poging om die koronavirus in toom te hou, te ondersteun.

Gegewe die belangrikheid van die media vir ons demokrasie se gesondheid, is dit 'n ernstige bron van kommer

dat, soos alle ander sektore van die ekonomie, die koronavirus ook 'n negatiewe uitwerking op ons mediahuise gehad het. Sommige publikasies het aan die begin van die inperking soveel as 60 persent van hul inkomste verloor. Verskeie maatskappye moes salarisse besnoei, en personeel of werksure verminder. Ongelukkig is sommige publikasies waaronder van Suid-Afrika se mees gevestigde en bekende tydskriftitels, genoodsaak om toe te maak.

Die werksverliese as gevolg van die inperking het 'n krisis vir mediamaatskappye wat reeds uitdagings soos die verlies aan advertensieinkomste, dalende sirkulasie en markaandeel wat deur vars nuus op mobiele toestelle en ander tegnologieë vervang is, vererger. Sulke finansiële hindernisse word algemeen, van aanlynpublikasies en tradisionele breëbladkoerante, tot die openbare uitsaaier, in die gesig gestaar.

Dit was een van die sleu-

telkwessies wat tydens my vergadering met die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum geopper is. In plaas daarvan dat hulle hul lot betreur, werk die mediabedryf egter hard om besigheidsmodelle te verfyn, om innovering aan te dryf en soveel personeel as moontlik te behou.

Die media is terselfdertyd 'n unieke entiteit in enige samelewing omdat sy praktisyns 'n rol vervul wat noodsaaklik vir ons demokratiese orde is. Hulle werk om die publiek in te lig en die mag in toom te hou.

Ons het meer joernaliste nodig, nie minder nie. Dit is waarom die verlies aan selfs 'n enkele joernalis nie net 'n verlies vir die bedryf is nie, maar ook vir die land.

Ons het ons mediaveterane nodig omdat hulle wye ervaring en institusionele geheue, sowel as kritiese verslaggewing en ingeligte analise kan bied. Ons het terselfdertyd meer jong joernaliste in die beroep nodig wat tegnologieslim is, op hoogte is van nuwe tendense rakende storievertelling en in voeling is met 'n jeugdige bevolking se belange.

Ons, as 'n samelewing, is ons volle ondersteuning aan die media verskuldig. Ons kan almal ons deel doen om dié bedryf wat 'n krisis ervaar, te ondersteun, hetsy deur te kies om vir inhoud te betaal, skarebondsde joernalisme te ondersteun, ons SAUK-lisensiefoeie te betaal of eenvoudig 'n koerant te koop. As die

regering, sal ons ondanks die somber ekonomiese klimaat, steeds adverteringbesteding aan publikasies en uitsaaiers, veral gemeenskapsmedia, uitbrei.

Die privaatsektor moet ook steeds die bedryf ondersteun deur advertensies en deur saam met mediahuise te werk rakende die produksie van innoverende inhoud, in ooreenstemming met globale mediatendense. Plaaslike filantropiese en skenkersorganisasies behoort ook betrokke te raak en openbare belangesoekers te ondersteun, soos wat die geval in baie demokrasieë is.

Die verspreiding van vals nuus tydens die pandemie, hoofsaaklik op sosiale mediaplatforms, het bygedra tot die noodsaaklikheid vir meer nuus wat akkuraat, regverdig en onpartydig is. Ons mense het in dié tyd staatgemaak op ons gevestigde mediahuise vir inligting, wat weereens hul noodsaaklike rol as steunpilare vir ons demokrasie beklemtoon.

Namate ons die groot taak aanpak om ons ekonomie in die nadraai van die pandemie te herbou, sal die mediabedryf ons ondersteuning meer as ooit tevore nodig hê. Die vrye pers is al beskryf as 'die waaksame beskermer van elke reg wat vrye mans en vroue op prys stel.' Terwyl ons hulde bring aan die vrye en diverse media se rol in hierdie pandemie, moet ons doen wat ons kan om te verseker dat hulle in ons land kan oorleef en floreer. **1**

GBV victim's life saved by NGO



Silusapho Nyanda

Avictim of long-term gender-based violence (GBV) – who was beaten, threatened with murder and shot – says if it were not for Masimanyane Women's Rights International, she would be dead.

Lindelwa Ntanta (59), an East London resident, went through 18 years of abuse at the hands of her ex-husband, who she finally managed to divorce in 2018.

She says his abuse led to one of her three children committing suicide. It started with psychological and verbal abuse but quickly escalated to physical assault.

She says: "I got a protection order against him and he was told not to come to my house. Within a few days, he broke the order and I had him arrested. After he was released, he came back with a gun and shot me in the legs, saying that he was going to kill me."

Over the years, despite not living with them anymore,

he continued to harass the family, often targeting the spaza shop Ntanta ran by destroying her stock.

Ntanta says Masimanyane Women's Rights Interna-

"The reason we have offices at police stations is so that we can help GBV victims the moment they go to report a case."

tional, an NGO funded by the Department of Social Development, has provided tremendous support over the years. The Masimanyane

team helped Ntanta obtain several protection orders over the years, assisted her with counselling and in getting her granddaughter's school fees reduced.

"I am alive because they have protected me from my abuser. Even now, they are assisting me with legal matters as my ex-husband is trying to sell the house we live in," says Ntanta.

Masimanyane is an anti-GBV organisation that has been in existence since 1996. It has offices in Mdantsane and East London Magistrate's Courts, as well as staff based at the Fleet Street, Buffalo Flats and Duncan Village police stations.

Community project manager for Masimanyane, Buyiswa Mhambi, says the organisation offers support services to victims of abuse, including counselling, shelter, abuse awareness and computer and craft skills.

"The reason we have offices at police stations is so that we can help GBV victims the moment they go to report a case," says Mhambi.

Visit Masimanyane Women's Rights International's office in Scenery Park township or go to their website: www.masimanyane.org.za

KGG bied toegang tot geregtigheid

Dale Hes

Slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat sukkel om die nodige hulp en ondersteuning te kry, word aangemoedig om die Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG) te kontak.

Die KGG kan hulle help met kwessies rakende kinderonderhoud, seksuele teistering, geslagsdiskriminasie en GGG en bied gratis regsadvies en -dienste aan slagoffers.

Die kommissie se Mofihli Teleki sê dit is een van die KGG se take om slagoffers te help om hofsake aanhangig te maak. "Die regsdepartement vergesel klaers na landdroshowe om huishoudelike



geweldsake aanhangig te maak en om hulp te verleen met die invul van vorms. Die KGG speel ook 'n moniteringsrol in sake, insluitend verkragting en seksuele oortredings, seksuele teistering en vrouemoord.

Die KGG kan 'n slagoffer

ook help om 'n beskermingsbevel te verkry en werk dikwels saam met die Nasionale Vervolgingsgesag om te verseker dat die slagoffer 'n regverdige verhoor kry. In dié geval voer die KGG 'n waaksaamheidsopdrag uit en voer sy moniterings-

funksie oor GGG-sake uit. Die kommissie ondersoek ook sleutelkwessies, soos onsensitiewe gedrag deur voorsittende beamptes, sekondêre viktimisasie van oorlewendes en onsensitiewe kruisondervragingsprosesse," verduidelik Teleki.

Wanneer 'n slagoffer sukkel om toegang tot geregtigheid in howe vir huishoudelike geweld te verkry, kan die KGG namens 'n slagoffer optree en regsverteenvoordiging bied. Die kommissie kan slagoffers ook vir sielkundige ondersteuning verwys.

’n Noodsaaklike diens

Die KGG het regdeur die inperkings tyd as 'n noodsaaklike diens gefunksioneer.

"Hoewel sommige hofsake as gevolg van die inper-

king herskeduleer is, sal dringende aangeleenthede rakende gesinsgeweld en GGG steeds aandag deur die regstelsel geniet," sê Teleki.

Die KGG verseker dat die publiek se regte beskerm word. Suid-Afrika is 'n oop demokrasie, verbind tot fundamentele menseregte, insluitend die reg op gelykheid en die inherente waardigheid van elke persoon, volgens die bepalings van die Grondwet." 

Dien 'n klagte in

Slagoffers van GGG en mishandeling kan die KGG se tolvrye nommer by 0800 007 709 skakel om 'n klag te registreer. Hulle kan ook 'n boodskap stuur na die Facebook-blad: *Gender Commission of South Africa*.